1 Oktober **Skrifgedeelte: Johannes 7:1-24**
Fokusgedeelte: Johannes 7:6-19

Jesus bepaal self die tyd en intensiteit van sy lyding

In Galilea kon Jesus se werk tot 'n volksbeweging teen die Romeine gelei het maar dan sou Hy sy kruis verloën. Omdat Hy egter Golgota as doelwit het, neem Hy nou van Galilea afskeid en begeef Hy Hom na die provinsie Judea, na die hoofstad Jerusalem, waar die vyandige Joodse leiers is. Hy gaan egter op sy eie tyd en met sy eie program. Nie soos sy ongelowige broers aan Hom voorgestel het: om 'n belangrike figuur te wees waardeur hulle eer sou ontvang nie.

Dit was toe ook al Oktober, herfstyd en die Huttefees was aan die gang (die herdenking van Israel se tentbewoning in die woestyn). Deur sy leer aangaande God en die openlike beskuldiging dat die Jode nie God se wet hou nie, bring Jesus hulle bose plan om Hom dood te maak, aan die lig. Die onderskeid tussen hulle wat in Hom glo en die wat Hom oor ses maande sou kruisig, moes al hoe duideliker word. Ook vandag mag niemand neutraal teenoor die Here Jesus staan nie. Sy Woord dwing elkeen om 'n besluit te neem. Ons as verbondskinders ken net een pad, naamlik die van dankbaarheid, want Hy het ons eerste liefgehad en in ons harte kom woon.

Sing: Psalm 119:6 *Ds J Venter (Emeritus)*